

KREATIEWE FASILITERING

Werkswinkel



Dr. Roelf
Opperman

Dr. Fritz
Snyman

Ontwikkel jou leierskap deur die vaardigheid om mense en groepe te help beweeg na plekke waar hulle moeilik op hulle eie sou kom.

As predikante word ons dikwels gevra om leiding te neem wanneer gemeentes, kerkrade, bedieningspanne of ander groepe voor uitdagings staan. Ons eerste reaksie is maklik om te **probeer oplos, besluit of verduidelik**.

Fasilitering bied 'n ander moontlikheid.

Dit help jou om 'n groep só te begelei dat mense self kan dink, luister, ontdek, deelneem en saam nuwe moontlikhede kan ontwikkel. Die fasiliteerder skep die ruimte en gebruik doelgerigte prosesse om die **wysheid**, kreatiwiteit en potensiaal wat reeds binne die groep is, te **ontsluit**.

Dit is 'n vaardigheid wat jou leierskap kan verdiep en jou help om met groter vertroue met komplekse gemeentelike- en kerklike prosesse te werk.



ONS KOMBINEER TEORIE, PRAKTIESE OEFENINGE, KREATIEWE PROSESSE EN WERKLIKE SITUASIES.

Jy gaan dus nie net oor fasilitering hoor nie – jy gaan dit self beleef.

Onder andere kyk ons na:

- die teorie én praktyk van fasilitering;
- fasilitering van konflik;
- die begeleiding van vasgeloopte ("stuck") spanne;
- prosesse om kommunikasie binne groot groepe te versterk; en
- praktiese "tools" om volwasse spanne kreatief te fasiliteer.

WAARMEE GAAN ONS PRAKTIES WERK?

Die kursus is veral relevant vir predikante en fasiliteerders wat:

- vasgeloopte strukture, spanne en sisteme wil help beweeg;
- konflik binne groepe en sisteme moet fasiliteer;
- mense deur verandering moet begelei;
- verskillende perspektiewe en spiritualiteite in 'n groep moet akkommodeer;
- groot groepe wil help om beter te kommunikeer en saam te dink; en
- praktiese, kreatiewe gereedskap vir die begeleiding van volwasse groepe wil aanleer.



WANNEER?

Maandag 2 en
Dinsdag 3 November 2026



WAAR?

NG Kerk Lynnwood
Alpineweg,
Lynnwood, Pretoria



KURSUSFOOI

R1 500
per persoon
Verblyf nie by die
kursusfooi ingesluit nie.



VBO

16 VBO-punte



BRING SAAM

Jou leerbare self,
'n notaboek en
'n pen.

INSKRYWING

- Michaela Mostert
- 071 427 5045
- info@bronzebaobab.com

OF

VIR VERDERE KURSUSINLIGTING

- Dr. Roelf Opperman
- 082 335 1156
- roelf007@gmail.com

REGISTREER HIER >

<https://bronzebaobab.com/registration.php>

Mense • Idees • Moontlikhede